Verwysing: 20200828-7749
Lêerno.: 13/9/2
Navrae: F Haffejee

KurriKulum VOO-minuut: DCF 0006/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs, en Prinsipale en Taalonderwysers van sekondêre skole

Onderwerp: Riglyne vir die assessering van mondelinge kommunikasie van alle amptelike tale wat in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen aangebied word

1. Die Departement van Basiese Onderwys het Omsendbrief S5/2020 van 11 Augustus 2020 wat Omsendbrief S3/2008 van 08 Mei 2008 herroep en vervang, uitgereik. Die omsendbrief handel oor:
   a) Die vereistes vir mondelinge eksamens in alle amptelike tale wat vir die NSS-eksamen aangebied word, word in (**Bylae 1**) uiteengesit.

   b) Daar is belangrike inligting oor mondelinge assessering van die amptelike Huistale, Eerste Addisionele Tale en die Tweede Addisionele Tale wat vir die NSS-eksamen aangebied word.

   c) **Bylae 2** bevat die hersiene assesseringsrubrieke vir mondelinge kommunikasie.

2. Omsendbrief S5/2020 van 11 Augustus 2020 moet saam met die volgende dokumente gelees word:

   - *Die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR);*
   - Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) (Graad 10−12) vir amptelike tale;
   - *Verkorte Afdeling 4: VOO Graad 10−11 KABV-wysigings* (Implementeringsdatum: Januarie 2020); en
   - *Nasionale Protokol vir Assessering: Graad R−12* (Januarie 2012).

3. Neem asseblief kennis dat die besnoeide kurrikulum vir 2020 steeds ingestel bly.

4. Daar word verwag dat die inhoud van Omsendbrief S5/2020 (**Bylae 3**) onmiddellik in 2020 in werking gestel gaan word.

5. Taalonderwysers moet daarop let dat dit nie nodig is om enige assessering van mondelinge take wat tot op hede afgehandel is, oor te doen nie. Die nuwe rubrieke moet gebruik word vir enige ontbrekende mondelinge take.

6. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die betrokke personeel te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-09-07